19. JEUG EN ONDERWYS
19. YOUTH AND EDUCATION

19.1 RAPPORT DEPUTATE KATKISASIE (Artt 93, 116, 117, 161)

19.1 REPORT DEPUTIES CACTHECHISM (Arts 93, 116, 117, 161)

A. Ds AP Tredoux stel die Rapport.
Rev. AP Tredoux tables the Report.

B. **Besluit:** Verwys die Rapport na Ad hoc Kommissie 4, met byvoeging van ds PF Venter. Met die volgende opdrag:
- Gee aandag aan al die vrae wat gevra is.
- Adviseer die Sinode insake die uitbreiding van die opdrag van die te benoeme Deputate in die lig van die bespreking.

Decision: Refer the Report to Ad hoc Commission 4, with addition of Rev. PF Venter. With the following mandate:
- *Attend to all the questions asked.*
- *Advise the Synod regarding the extention of the mandate of the to be named Deputies in view of the discussion.*

C. Ds PF Venter rapporteer namens die ad hoc Kommissie 4 – Rapport 1.
Rev. PF Venter reports on behalf of ad hoc Commission 4 – Report 1.

D. Ds PF Venter rapporteer namens die ad hoc Kommissie 4 – Rapport 2.
Rev. PF Venter reports on behalf of ad hoc Commission 4 – Report 2.

E. **Besluit:** Ad hoc Kommissie 4 – Rapport 2 word terugverwys na die Kommissie om in die lig van die bespreking aan te pas.
Decision: Ad hoc Commission 4 – Report 2 is referred back to the Commission to review in light of the discussion.

F. Ds PF Venter rapporteer namens die ad hoc Kommissie 4 – Rapport 3.
Rev. PF Venter reports on behalf of ad hoc Commission 4 – Report 3.

G. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod takes note of**
1.1 *Opdrag: Acta 2018:493*	1.1 *Mandate: Acta 2018:493*
1.1.1 Die handleidings moet voortdurend hersien word in die lig van behoeftes by gemeentes en die kinders, kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes.	1.1.1 The manuals must be constantly revised in light of the needs of congregations and the children, comments and continued study of the best methods.
1.1.2 Die handleidings volledig in Engels te vertaal.	1.1.2 Translate the manuals fully into English.
1.1.3 Veral in die hoërskool meer lesse beskikbaar te stel as net die hoeveelheid wat met een lesgeleentheid per week benodig word, sodat die kategeet self kan kies wat hy wil behandel.	1.1.3 Especially in the high school, make more lessons available than just the amount required with one lesson opportunity per week, so that the catechist can choose what he wants to teach.
1.1.4 Die gebruik van multimedia in die onderrig optimaal uit te bou deur onder andere kundigheid vanuit die kerkverband hiervoor te gebruik.	1.1.4 Optimally develop the use of multimedia in the teaching by, among other things, using expertise from the churches for this.
1.1.5 Samewerking met die Christelike Onderwys- en Jeugdeputate voort te	1.1.5 To continue cooperation with the Christian Education and Youth

sit.	Deputies.
1.1.6 Die behoeftes van kinders vanuit die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn op deurlopende basis te ondersoek en op versoek te hanteer.	1.1.6 To investigate the needs of children from the previous Synod Midlands and Classis Capricorn on an ongoing basis and deal with it on request.
1.2 *Uitvoering van die opdrag*	1.2 *Execution of the mandate*
1.2.1 Die handleidings is die afgelope termyn nie volledig hersien nie, in die lig van die inperkingsmaatreëls (Covid) en 'n veranderde bedienings-patroon. Redaksionele wysigings wat deur kerke onder die aandag van die Deputate gebring is het aandag geniet. Die neerslag hiervan sal met die publisering van die volgende werkboeke reflekteer. 'n Biblioteek is opgestel sodat die huidige handleidings vir elektroniese gebruik beskikbaar gestel kan word. Die verwerking van hierdie materiaal geniet aandag.	1.2.1 The manuals were not fully revised in the last term, in light of the restriction measures (Covid) and a changed ministery pattern. Editorial amendments that were brought to the attention of the Deputies by churches received attention. The impact of this will be reflected in the publication of the following workbooks. A library has been set up so that the current manuals can be made available for electronic use. The processing of this material received attention.
1.2.2 Die opdrag om handleidings in Engels te vertaal word gekontinueer.	1.2.2 The assignment to translate manuals into English is continued.
1.2.3 Meer lesse vir die hoërskool is aangevul met handleidings wat van kerke en individue ontvang is. Hierdie lesse het ten doel om die kategeet ruimte te gee om na gelang van behoeftes en omstandighede sekere temas in meer as een les te beklemtoon. Bydraes van die professore van die TSP is ontvang en beplanning vorder vir die verwerking en publisering hiervan. Hierdie bydraes sal ook elektronies beskikbaar gemaak word op 'n platform.	1.2.3 More lessons for the high school were supplemented with manuals received from churches and individuals. These lessons aim to give the catechist room to emphasize certain themes in more than one lesson, depending on needs and circumstances. Contributions from the professors of the TSP have been received and planning is progressing for the processing and publication of these. These contributions will also be made available electronically on a platform.
1.2.4 Die Deputate kon die terrein van multimedia betree in die aanbieding van katkisasielesse. Verdere ontwikkeling van hierdie materiaal geskied saam met ander Deputaatgroepe en ander belanghebbendes.	1.2.4 The Deputies were able to enter the field of multimedia in the presentation of catechism lessons. Further development of this material takes place together with other Deputy Groups and other stakeholders.
1.2.5 Daar is voortdurend kennis geneem van die werksaamhede van die Christlike Onderwys- en Jeugdeputate. Die Artikels van Kruispad kan ook beskikbaar gemaak word vir Kategete en Katkisante.	1.2.5 The activities of the Christian Education and Youth Deputies were constantly noted. The Articles of the Kruispad (Crossways) can also be made available to Catechists and children.
1.2.6 Die behoeftes van kinders vanuit die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn moet aangespreek word met die hulp van Deputate wat hierdie tale magtig is. Geen versoeke is	1.2.6 The needs of children from the previous Synod Midlands and Classis Capricorn must be addressed with the help of Deputies who are fluent in these languages. No requests have

ontvang nie.	been received.
1.2.7 Die gebruikmaking van multimedia in die aanbieding van katkisasielesse is ‘n tydsame proses en ook duur. Die Deputate gee daarom stelselmatig aandag aan sodanige verwerking van die handleidings. Publikasies sal ook op die nuutgevormde Platform geplaas word.	1.2.7 The use of multimedia in the presentation of catechism lessons is a time-consuming process and also expensive. The Deputies therefore systematically pay attention to such processing of the manuals. Publications will also be posted on the newly formed Platform.
1.2.7.1 Die Deputate het nou saamgewerk met ander kerke met die totstandkoming van Glo-Media. Die verbintenis met hierdie digitale kanaal is intussen gestaak en die toerusting wat met behulp van fondse van die Deputate Katkisasie aangekoop is word by die TSP bewaar.	1.2.7.1 The Deputies worked closely with other churches with the establishment of Glo-Media. The connection with this digital channel has since been stopped and the equipment that was purchased with the help of funds from the Deputies Catechism is kept at the TSP.
1.2.8 Die handleiding vir katkisante met spesiale behoeftes is beskikbaar op versoek. Die samewerking en kundigheid van ander rolspelers in hierdie veld is verder ondersoek.	1.2.8 The manual for catechists with special needs is available on request. The collaboration and expertise of other role players in this field was further explored.
1.2.9 ‘n Behoefte wat sedert Sinode 2012 na vore gekom het, is handleidings vir kinders met gesigsgestremdheid. ‘n Versoek is ontvang om een handleiding in Braille te vertaal en te laat druk. Die moontlikheid moet verder ondersoek word.	1.2.9 A need that has emerged since Synod 2012 is manuals for children with visual impairment. A request was received to translate one manual into Braille and have it printed. The possibility should be investigated further.
1.2.10 Die gids vir ouers waarin die noodsaaklikheid van verbonds-onderrig, die nodige wisselwerking tussen die kategeet en die ouers van die katkisante, die behoeftes van katkisante in die verskillende leeftydsfases en ook die metodiek van die handleidings uiteengesit word, is steeds beskikbaar vir kerke.	1.2.10 The guide for parents in which the necessity of covenant teaching, the necessary interaction between the catechist and the parents of the catechists, the needs of catechists in the different life stages and also the methodology of the manuals are detailed, are still available for churches.
1.2.11 Skrywes is uitgestuur met die versoek aan kerke en predikante om materiaal wat hul gebruik ook beskikbaar te maak. Weinig reaksie is ontvang.	1.2.11 Letters were sent out with the request to churches and ministers to also make available material that they use. Little response was received.
1.2.12 Die Deputate het ander materiaal wat voorgelê is ondersoek en beveel aan dat dit beskikbaar gestel word as deel van die bestaande materiaal.	1.2.12 The Deputies examined other material submitted and recommended that it be made available as part of the existing material.
1.2.12.1 Sr Marieta Reyneke van GK Mosselbaai het lesse met aktiwiteite saamgestel.	1.2.12.1 Sr Marieta Reyneke from GK Mosselbaai compiled lessons with activities.
1.2.12.2 Lidmate is bereidwillig om met taalkundige versorging en proeflees behulpsaam te wees. Verdere gesprekke met hierdie lidmate sal deur die Deputate	1.2.12.2 Members are willing to be helpful with linguistic care and proofreading. Further discussions with these members will be held by the Deputies and made available

gehou word en die name aan die te benoeme Deputate beskikbaar gestel word (Srs A van Schaik, E Bain en H du Plessis). **Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.12.2 kennis geneem.**	to the Deputies to be nominated (Srs A van Schaik, E Bain and H du Plessis). **Decision: Points 1.1 to 1.2.12.2 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit 2.1 Die Sinode wys weer Deputate vir katkisasie aan. 2.2 Die Deputate Katkisasie ontvang opdrag om: 2.2.1 Die huidige handleidings voortdurend te hersien en die werksaamhede soos in pte 1.2.1 tot 1.2.11 voort te sit. **Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.1 kennis geneem.** 2.3 Die benutting van elke moontlike platform vir die elektroniese beskikbaarstelling van handleidings voortdurend te ondersoek. **Besluit: Kennis geneem.**	**2. Matters that the Synod decides on** 2.1 The Synod again appoints Deputies for catechism. 2.2 The Deputies Catechism is instructed to: 2.2.1 Constantly review the current manuals and continue the activities as in pts 1.2.1 to 1.2.11. **Decision: Points 2.1 to 2.2.1 noted.** 2.3 To constantly investigate the utilization of every possible platform for the electronic availability of manuals. **Decision: Noted.**

H. **RAPPORT 1 – AD HOC KOMMISSIE 4**
REPORT 1 – AD HOC COMMISSION 4

Opdrag Om toeligting te gee rondom Rapport 19.1. **Besluit: Kennis geneem.**	**Assignment** To give clarification regarding Report 19.1. **Decision: Noted.**
Werkswyse Ontmoet met die Katkisasiedeputate om klarigheid te kry oor vrae wat vanuit die vergadering na vore gekom het. **Besluit: Kennis geneem.**	**Modus operandi** Met with the Deputies catechumen to get clarification on questions that was raised in the meeting. **Decision: Noted.**
1. Bevindings 1.1 Sinode 2018 het Deputate aangewys. 1.2 Die Deputatgroep het egter nie gefunksioneer nie. 1.3 Die Deputaterapport is ontvang. 1.4 Die lede van die Deputate dra egter nie kennis van al die inhoud van die genoemde Rapport nie. 1.5 Die werk het agterweë gebly. 1.6 Meeste vrae kan nie geantwoord word nie. 1.7 Verskeie redes het daartoe gelei dat die opdrag van die Deputate nie gedoen is nie. 1.8 Verskeie insette maak dit duidelik dat die huidige lesmateriaal nie meer die konteks van die kind aanspreek nie en daarom nie meer voldoende is nie.	**1. Findings** 1.1 Synod 2018 named Deputies. 1.2 However, the Deputies did not function. 1.3 The Deputies' report was received. 1.4 However, the members of the Deputies are not aware of all the contents of the said Report. 1.5 The work was not done. 1.6 Most questions cannot be answered. 1.7 Several reasons led to the Deputies' assignment not being executed. 1.8 Various inputs made it clear that the current material no longer addresses the context of the child and is therefore no longer sufficient.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.8 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.8 noted.**
2. Aanbevelings	**2. Recommendations**
2.1 Deputate word weer aangewys.	2.1 That Deputies are appointed again.
2.2 Die opdrag van die Deputate moet baie duidelik geformuleer word.	2.2 The assignment of the deputies must be very clearly formulated.
Besluit: Punte 2.1 en 2.2 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 and 2.2 approved.**

I. **RAPPORT 2 – AD HOC KOMMISSIE 4**
REPORT 2 – AD HOC COMMISSION 4

Aanbeveling	**Recommendation**
1. Dat die Sinode die volgende gewysigde mandaat aan die te benoeme Deputate Katkisasie as opdrag gee:	1. That the Synod give the following amended mandate to the to be appointed Deputies Catechesis as mandate:
1.1 Skakel met gemeentes om bestaande katkisasiemateriaal te ondersoek en te evalueer.	1.1 Liaise with congregations to examine and evaluate existing catechesis material.
1.2 Samestelling van nuwe materiaal	1.2 Composition of new material
1.2.1 wat konteks van die katkisant verreken,	1.2.1 which takes into account the context of the catechumen,
1.2.2 die verantwoordelikheid van die verbondsouer as primêre kategeet aanspreek,	1.2.2 addresses the responsibility of the covenantal-parent as primary catechist,
1.2.3 en in huisgodsdiens leiding gee en aanmoedig	1.2.3 and in family worship provide guidance and encouragement
1.2.4 en wat duidelike riglyne gee vir die kategeet	1.2.4 and which gives clear guidelines for the catechist.
1.3 Spoor op en maak beskikbaar die verbondsouer handleiding (1.2.10)	1.3 Find and make available the covenantal-parent manual (1.2.10)
1.4 Spoor op en maak beskikbaar die lesse vir kinders met buitengewone behoeftes (1.2.8 & 1.2.9)	1.4 Find and make available the lessons for children with extraordinary needs (1.2.8 1.2.9)
1.5 Ondersoek beskikbare Engelse materiaal	1.5 Research available English material
1.5.1 vanuit kerke met wie ons ekumeniese eenheid het	1.5.1 from churches with whom we have ecumenical unity
1.5.2 sowel as vanuit Engelse gemeentes van die GKSA	1.5.2 as well as English congregations of the GKSA
1.6 Die gebruik van multimedia in die onderrig optimaal uit te bou deur onder andere kundigheid vanuit die kerkverband hiervoor te gebruik.	1.6 To expand the optimal use of multimedia in teaching by, among other things, using expertise from the federation for this purpose.
1.7 Samewerking met die CO- en Jeugdeputate voort te sit.	1.7 Continue cooperation with the CE- and Youth Deputies.
1.8 Ondersoek en hanteer deurlopend die behoeftes van katkisante wat katkiseer in ander amptelike tale in gebruik in ons kerkverband.	1.8 Continuously investigate and handle the needs of catechumen who is catechizing in other languages in use in our federation.
Besluit: Ad hoc Kommissie 4 – Rapport 2 word terugverwys na die Kommissie om in die lig van die bespreking aan te pas.	**Decision: Ad hoc Commission 4 – Report 2 is referred back to the Commission to review in light of the discussion.**

J. **RAPPORT 3 – AD HOC KOMMISSIE 4**
REPORT 3 – AD HOC COMMISSION 4

Opdrag Om 'n duidelike opdrag aan die te benoeme Deputate Katkisasie te formuleer Rapport: Ad Hoc Kommissie 4 – Rapport 1 (A19.1)). **Besluit: Kennis geneem.**	**Mandate** Formulate a clear mandate for the to be named Deputies Catechesis (Report: Ad Hoc Commission 4 – Report 1 (A19.1)). **Decision: Noted.**
Aanbeveling Die te benoeme Deputate Katkisasie ontvang volgende opdrag: 1. Dat die Deputate skakel met gemeentes om bestaande katkisasiemateriaal wat reeds by plaaslike kerke gebruik word, te ondersoek en te evalueer. 2. Dat genoemde katkisasiemateriaal (pt 1) dan aan die plaaslike kerke aanbeveel kan word vir gebruik in die interim, totdat die nuwe materiaal beskikbaar is. 3. Dat die Deputate begin met die samestelling van nuwe materiaal, met die volgende in gedagte: 3.1. die konteks van die katkisant (o.a. taalregister, emosionele vlak, intellektuele kapasiteit, geloofsvolwassenheid) 3.2. die verantwoordelikheid van die verbondsouer as primêre kategeet 3.3. dat die lesmateriaal ook tydens huisgodsdiens gebruik kan word 3.4. 'n handleiding met duidelike riglyne vir die kategeet moet beskikbaar gestel word. 4. Dat die bestaande verbondsouer handleiding opgespoor word en beskikbaar gestel word (1.2.10) 5. Dat die bestaande lesse vir kinders met buitengewone behoeftes opgespoor word en beskikbaar gestel word (1.2.8 & 1.2.9) 6. Dat beskikbare Engelse materiaal ondersoek word 6.1. vanuit kerke met wie ons ekumeniese eenheid het 6.2. sowel as vanuit Engelse gemeentes van die GKSA 7. Dat die gebruik van multimedia en ander elektroniese platforms in die onderrig optimaal uitgebou word en gebruik word om handleidings beskikbaar te stel (2.3). 8. Dat samewerking met die Christelike Onderwys- en Jeugdeputate voorgesit word. 9. Dat die behoeftes van katkisante in ons kerkverband, wat katkiseer in ander amptelike tale van ons kerke, deurlopend ondersoek en hanteer sal word.	**Recommendation** The to be named Deputies Catechesis receive the following mandate: 1. That the Deputies liaise with congregations to investigate and evaluate existing catechism materials already in use at local churches. 2. That the mentioned catechism material (pt 1) can then be recommended to the local churches for use in the interim until the new material is available. 3. That the Deputies begin with the composition of new material, while keeping the following in mind: 3.1. the context of the catechumen (i.a. language ability, emotional level, intellectual capacity, faith maturity) 3.2. the responsibility of the covenantal-parent as primary catechist 3.3. that the lesson material can also be used during family worship 3.4. a manual with clear guidelines for the catechist must be made available. 4. That the existing covenantal-parent's manual be found and made available (1.2.10) 5. That the existing lessons for children with extraordinary needs be found and made available (1.2.8 & 1.2.9) 6. That available English material be examined 6.1. from churches with whom we have ecumenical unity 6.2. as well as from English congregations of the GKSA 7. That the use of multimedia and other electronic platforms in teaching be optimally constructed and used to make manuals available (2.3). 8. That collaboration with the Christian Education and Youth Deputies be continued. 9. That the needs of catechumen in our federation, who catechists in other official languages in use in our churches, will be continuously

10. Dat die Deputate koöptering reg ontvang om kundiges te betrek om hulle te sterk in die uitvoering van hulle opdrag. **Besluit: Punte 1 tot 10 goedgekeur.**	investigated and met. 10. That the Deputies receive co-optation right to involve experts to strengthen them in the execution of their assignment. **Decision: Points 1 to 10 approved.**